# BRAFORD

SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA



NOVEMBER | 2023

# VOORBLADFOTO

- Meaker Brafords, Warden



# INHOUD


- Uit die Kantoor
- Vanaf die Raad - Jan Meaker
- Braford Calendar 2024
- Waarhede & Halwe Waarhede
  - Dr Johan Meaker
- Nampo ALFA
- Ken Mekaar - Bontes Brafords
- Sale Results - August & September 2023
- Steps to becoming a registered Braford breeder


# Uit die Kantoor



Beste leser,

Ons is dankbaar oor die goeie veiling-seisoen wat agter die rug is. Baie geluk ook aan elke teler met hul goeie uitslae.

Wat die admin betref, moet ons begin om die afgelope seisoen se kalwers aan te meld. Maak asseblief gebruik van die vorms beskikbaar op die webblad.

Kyk uit vir 'n e-pos van die kantoor af in verband met data wat uitstaande is. Kom ons vat hande en kry al die rou data verwerk. Dit is tot voordeel van u kudde sowel as die ras.

Die kantoor sal sluit op 14 Desember 2023 en weer heropen op 8 Januarie 2024.

Kontak my gerus vir enige navrae.

*Marguerite Fouché*


072 594 4500
info@braford.co.za


Volg ons op Facebook & Instagram

## BRAFORD COUNCIL 2023 / 2024



**Jan Meaker**
President
Day Executive
Management
Finances & Budget



**Johan de Jager**
Breed Improvement
Phase C & D Tests
Data Completeness



**Jan van Niekerk**
Marketing
Social Media
Sponsors



**Ralf Rodewald**
Inspections
Herd Visits
Auctions



**Vickus Tromp**
Shows
Breed Promotion



**Wessel Wessels**
Head Inspector

# VANAF DIE RAAD

JAN MEAKER, PRESIDENT | MEAKER BRAFORDS

Dit is 'n groot voorreg om so 'n klomp toegewyde boere in ons genootskap te he. Hierdie tyd van die jaar is dit baie belangrik om jou vee in 'n georganiseerde en doeltreffende manier te bestuur om genetiese vordering, vrugbaarheid en die algehele gesondheid van jou trop te verseker.



Hier is 'n paar belangrike punte om in gedagte te hou:

**SELEKSIE VAN BULLE**
Die seleksie van gesonde (getoetsde) en produktiewe bulle met goeie genetiese eienskappe is van uiterste belang. Kyk na die prestasie van bulle in terme van jou teeldoelwitte om spesifieke boerderydoeleindes te bereik.

**KORREKTIEWE PARING DEUR MIDDEL VAN ENKEL BUL PARINGS**
Die gebruik van die korrekte bulle op selektiewe troppe koeie kan jou help om die genetiese kwaliteit van jou trop vinniger te verbeter. Deur ook die beste bulle met die beste koeie te paar, kan jy spesifieke eienskappe verbeter of slegte eienskappe in jou vee verminder. Dit kan help om jou teel doelwitte vinniger te bereik. Onthou om swak en ou koeie te prul.

**REKORDHOUDING**
Dit is noodsaaklik om gedetailleerde rekords en inligting van jou teelprogram te hou. Geboorteaanmeldings moet ook nou gedoen word, so kry asb jou rekords op datum en stuur dit in. Hierdie rekords sal jou help om beter besluite te maak oor toekomstige parings en seleksie van vee.

Voorspoed met julle teelprojekte en lekker boer.

*Jan Meaker*



Foto - Meaker Brafords



# FERTILE ▪ ADAPTABLE ▪ EFFICIENT

**Highveld Cattle Breeders Auction**
28 May 2024
Ermelo

**Thiele Holdings Auction**
3 July 2024 at 11:00
Paulpietersburg

**OVS Veld Bull Club Auction**
22 August 2024
Vrede

**10th SA Braford National Auction**
15 June 2024 at 11:00
Afridome, Parys

**Meaker Brafords Auction**
17 July 2024 at 12:00
Vrede / Warden

**Brafords@Besters**
28 August 2024
Besters Auction Ring

**Bonheur Brafords Auction**
26 June 2024 at 11:00
Bethal

**OTVL Bull Auction**
24 July 2024 at 11:00
(Date to be confirmed)
Ermelo

**Beefpower Braford Auction**
12 September 2024
Aliwal North

SA BRAFORD

## www.braford.co.za


Jan Meaker +27 79 883 9760 | Marguerite Fouché +27 72 594 4500
E: info@braford.co.za | Find us on Facebook & Instagram

DR JOHAN MEAKER

# WAARHEDE & HALWE WAARHEDE

Daar bestaan min twyfel dat die enkel belangrikste strewe van enige vleisbeesboer moet wees om die winsgewendheid van sy boerdery te verhoog.

Talle Veekundiges is dit eens dat **Bestuur** (invloed van omgewing, voeding, siekte beheer, ens) die enkel grootste bydrae lewer tot verhoogde winsgewendheid (ongeveer 70%) en dat genetika slegs ongeveer 30% bydra.


Dr Johan Meaker

Bostaande beteken NIE dat genetika onbelangrik is nie (meer hieroor in 'n volgende nuusbrief) maar beklemtoon eerder die belangrikhied van Bestuur oftewel 'n allesomvattende benadering wat uiteindelik gaan bepaal hoe suksesvol jy gaan wees.

In my leeftyd as Veekundige het my paaie met talle boere gekruis en deurgaans het ek die belangrikheid van **Bestuur** beklemtoon.

Die volgende gevalle studie wat ek jare gelede waargeneem het tydens 'n besoek aan 'n boer in Noord Natal, dien as 'n voorbeeld. Dié boer het my telefonies meegedeel dat hy vir etlike jare reeds 'n vrubaarheids-probleem in sy vleisbees koeikudde ondervind ('n algemene probleem by talle boere). Verder het hy my ook meegedeel dat hy reeds vir al die geslagssiektes getoes het en dat "geslagssiektes" dus uitgeskakel kan word. Met my aankoms op die plaas het ek onmiddelik waargeneem dat die koeie in 'n swak kondisie was vir daardie tyd van die jaar en dat **dít** die hoofoorsaak was van sy probleem. In hierdie geval was dit 'n kombinasie van oorbeweiding van sy natuurlike veld (anders gestel "'n tekort aan vitamiene KOS" - baie boere is hieraan skuldig), korrekte lekaanvullings en dat sy koeie oor die algemeen, "te groot" was (ook hieraan is baie boere skuldig en meer oor hierdie onderwerp later).

Van die belangrikste aspekte van **Bestuur** is finansiële bestuur (beperk onnodige uitgawes en waak teen die verskynsel van "te vinnig te gou te groot" – menige boer het al in die stof gebyt deur hierdie roete te volg), weiveld bestuur (veld weiding bly jou goedkoopste bron van voeding), oorwintering van jou diere (belangrikheid hiervan kan nie genoeg beklemtoon word nie ten einde te verseker dat jou vroulike diere oor die nodige kondisie beskik om weer herbeset te raak), inentingsprogram om siektes te voorkom, beperk neonatale verliese (tydperk voor, gedurende en na kalwing), ens.

## Die "Halwe Waarheid" waarna verwys word in die titel van die artikel lê daarin dat daar boere is wat "glo" dat jy jou probleme kan reg teel in plaas van reg bestuur.

Dink en besluit self wat sal gebeur, na 'n periode van sê 10 jaar, as Boer A met uitstaande bestuursvaardighede met 'n Braford-kudde begin teenoor Boer B wat 'n erkende goedgeteelde Braford-kudde aankoop en 10 jaar lank swak bestuur.

Meer spesifieke onderwerpe en/of vrae rakende bestuur kan aan die Kantoor gerig word (info@braford.co.za of 072 594 4500)wat dit weer aan my sal stuur vir aandag.



12-14 OKTOBER 2023

# NAMPO ALFA

Nampo Alfa week het vanaf 12 – 14 Oktober 2023 plaasgevind.

Baie dankie aan Johan de Jager (bygestaan deur Elri) wie van Bonheur se top diere uitgestal het. Ons het ook promosie items en klerasie uitgestal en verkoop. Dankie ook aan Johan Brookman, onderwyser van Morgenzon Landbouskool, en leerders wat die Braford Ras se naam hoog gehou het. Theuns Pretoruis (graad 10) het tydens die Jeugskou met 'n Braford vers geskou en Henco Koekemoer (graad 10) het met 'n bul, geteel deur Bonheur Brafords, geskou. Henco Koekemoer het Eerste Plek behaal met die bulletjie. Veels geluk!

Oor die algemeen was dit 'n suksesvolle paar dae by Nampo Park. Ons nooi die telers uit om meer betrokke te raak by die tipe geleenthede sodat die Braford Ras meer sigbaar word.











Johan de Jager (Bonheur Brafords) en
Henco Koekemoer, Graad 10 (Morgenzon Landbou Akademie)
staan by die bul Bonheur GM2110 wat die Brafords tydens Nampo ALFA verteenwoordig het.

Foto's - Elri de Jager

# BONTES BRAFORDS

Die Bontes Brafordstoet bevind hom net buite Amersfoort, Mpumalanga.


Hierdie inisiatief het ontstaan uit die drome van my vrou, Esti. Uiteindelik kon sy hierdie droom bewaarheid maak deur die besluit te neem om die onderwys te verlaat, met die doel om JW, ons seun, groot te maak, en om my op die plaas by te staan.

Die stoet verteenwoordig nie net my vrou en seun nie, maar is ook 'n manifestasie van die hoop dat my passie vir beesboerdery op hom sal oorgaan en dat die stoet saam met hom sal groei.

Ons gesin het onlangs 'n nuwe toevoeging gekry, nie net in die vorm van die Brafords nie, maar ook deur die geboorte van ons dogtertjie, Neché. Ons hoop dat sy een dag ook 'n rol kan speel in ons gedeelde passie.Dit is vir ons 'n opwindende voorreg om deel te wees van die Braford-familie.

Die nuutste toevoeging tot ons gesin was nie net die Brafords nie, maar ook ons dogtertjie, Neché. Sy sal ook eendag hopelik in ons passie deel.

Ons is opgewonde om deel te kan wees van die Braford familie.



Corne en Esti van der Merwe met hul kinders JW en Neché.



"There is a quiet strength in the gaze of cattle, a wisdom that comes from a life lived close to the earth."



Foto - Bonheur Brafords

AUGUST & SEPTEMBER 2023

# SALE RESULTS



Nooitgedacht NT2097, Lot 3 – R140 000


## Brafords @ Besters Sale
## 30 August 2023, Farm Trekboer

**Bulls**
Offered / Sold – 40 / 40
Highest Price – R140 000
Average Price – R61 179

5 Bulls sold for more than R100 000 each.

**Heifer in Calf**
Offered / Sold – 10 / 10
Highest Price – R22 500
Average Price – R20 750

Photo – Nooitgedacht NT2097 (Lot 3) was the highest-priced bull of the day. He was sold for R140 000 to Z4T Brafords. Congratulations to Nooitgedacht Brafords!



Beefpower VAG20160, Lot 3 – R85 000

## BeefPower Brafords Production Auction
## 14 September 2023, Aliwal-North

**Bulls**
Sold – 14
Highest Price – R 85 000
Average Price – R 50 571

**Heifer in Calf**
Sold – 15
Highest Price – R 20 000
Average Price – R 18 833

**Heifer + Calf**
Sold – 8
Highest Price – R 20 000
Average Price – R 19 875

Photo – Beefpower VAG20160 (Lot 3) was the highest-priced bull of the day, selling at R 85 000 to Carl de Jager from the Z4T Braford stud, Ladysmith. Congratulations to BeefPower Brafords!

All 2023 sale results available on
www.braford.co.za

# STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

**Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.**

**START HERE**
Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za

Receive application form containing applicable information and fees.

Complete the application form <u>in full</u> - Form 1, 2, 3 and 4.

NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.

Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.

Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.

Your application will be sent to the registrar.

Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.

Congratulations! You are now a registered member of the Braford Society!

SA BRAFORD

Contact us:
+27 72 594 4500
info@braford.co.za

## ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services
- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

SA BRAFORD